**22 November**

**Skrifgedeelte: Handelinge 7:54-60**
**Fokusgedeelte: Handelinge 7:56**

**Vrymoedige getuies, want Jesus sal vir jou instaan!**

Stefanus sterf terwyl die klippe op hom neer reën. Die eerste Christelike martelaar. Hy is voor die Joodse Raad gesleep. Hy getuig openlik van die waarheid. Die woede van die mense is onkeerbaar. Die duiwel hits hulle aan en hulle begin klippe gooi. Maar Stefanus bly nie stil nie. Het Jesus dan nie gesê dat hulle *getuies* (Hand. 1:8) moet wees nie? Die woord "getuie" kan in die Grieks ook *martelaar* beteken. En nou gebeur dit. As hulle dit met die Herder gedoen het, kan hulle dit ook met ons doen. Ons moet ons nie laat afskrik nie.

Die rede vir die volharding in vrymoedigheid by hierdie jong diaken van Christus kom egter nie uit sy eie krag nie. Daarvoor is hy te veel mens. *Dit kom deur die geloof*. Geloof beteken immers om God op sy beloftes te neem en dit beteken ook tweedens om die onsienlike te sien.

Stefanus hou eerstens gelowig vas aan die *belofte* van Jesus dat ons nie bang moet wees as ons voor belangrike mense moet getuig nie, want God sal ons help en die woorde gee wat ons moet praat (Matt. 10:16-20). Maar tweedens *sien* hy ook deur die geloof dat Christus, wat aan die regterhand van God *sit*, nou opeens aan die regterhand van God *staan*! Hy sien deur die geloof dat Jesus in die hemel vir hom (en dus vir alle martelare) *opstaan* voor sy Vader en die heilige engele (vgl. Luk. 12:8). En so sal die Vader sy engele opdrag gee om ons op die hande te dra (Ps. 91). As almal teen ons is, dan is ons Herder vir ons. Ons Here is ons Advokaat en Voorspreker by God. En as Jesus Christus self vir ons is, wie kan dan nog teen ons wees?

Die grootste enkele rede waarom ons as Christene soms sulke swak getuies is, is die *vrees* vir mense. Ons kan die vrees egter te bowe kom deur soos Stefanus te *glo* dat Jesus ons Voorspreker en Advokaat is en vir ons in die bresse sal tree. Hy sal sorg dat ons die krag en vrymoedigheid het om vir Hom te getuig. Hy sal deur sy Gees vir ons die woorde in die mond lê. En as ons getuie-wees miskien lyde en sterwe moet inhou, sal Hy ons daarin ook nooit alleen laat nie!

*Sing: Psalm 59:1, 5, 10*

*Ds. M (Maarten) van Helden (Centurion)*